Nico van Gijsen: Wanneer gaan jy ophou om sonder ligte te bestuur?

netwerk24.com/sake/geldsake/nico-van-gijsen-wanneer-gaan-jy-ophou-om-sonder-ligte-te-bestuur-20260501-1158

Nico van Gijsen May 1, 2026

Daar is ’n rede waarom motorfietsryers met hul hoofligte aangeskakel ry.

Dit is nie om te kan sien nie. Hulle wil gesien kan word.

My Harley se hooflig kon nie eens afgeskakel word nie, al wou ek. Dit is hoe belangrik die vervaardiger dit beskou. Dit is om gesien te kan word.

Nou die dag ry ek en my vrou op die Weskuspad. Dit was so ’n tipiese vaal, reënerige wintersdag in die Kaap. En ons gesels oor die ander padgebruikers, veral dié wat van voor af aangery kom.

Sommige ry sonder ligte, baie van hulle in vaal karretjies wat mooi saamsmelt met die vaal Kaapse reënweer. Ander ry net met parkeerliggies aan. Hulle het darem al gehoor van padveiligheid. En dan is daar die met vol hoofligte aan. Jy sien hulle ver aankom. Veiligheid in sigbaarheid.

Is daar vir ons ’n finansiële beplanningsles hierin? Kom ons kyk na die ligte.

Groep 1 – sonder ligte

Die ouens wat so sonder ligte op ’n donker reëndag ry, is in my oë pad-idiote, wat vir ander en hulself ’n gevaar op die pad is.

Ek wonder hoeveel lesers vandag saam met ons na geliefdes sit en verlang wat hier kon gewees het, as dit nie was vir iemand anders se roekelose of nalatige hantering van ’n motor of vragmotor nie.

Daar is mense, ongelukkig nogal baie, wat hul finansiële beplanning met soortgelyke ongeërgdheid, of selfs roekeloosheid, benader. Inkomste moet so vinnig moontlik uitgawes word. Die hier en nou is al wat saak maak. Môre en oormôre bestaan nie.

Die versorging van familie by die dood word maar aan die noodlot oorgelaat. Daar is geen versekering, geen spaarfonds, geen mediese skema wat voorsiening maak nie.

Ek het selfs al moes hoor van iemand wat nie ’n testament het nie, want “hulle moet maar ondermekaar uitbaklei wie wat wil hê”.

En as hulle getref word, is daar lang trane. Ander moet inspring en hul verpligtinge oorneem of help. Kyk maar wie soek so maklik skarefinansiering of huil by familie.

Groep 2 – met parkeerliggies

Ek kan nie besluit of die ouens met net parkeerliggies aan in die reën selfs dommer as die pad-idiote is nie. Duidelik weet hulle hulle moet iets doen, want die pad is donker en die sig is swak. Maar dan doen hulle dit half en die risiko is eintlik maar dieselfde as vir dié wat niks doen nie.

Uit ’n finansiële oogpunt?

Ek sien dit in die tipe ouens wat kwansuis hul eie finansiële beplanning hanteer. Hulle weet hulle moet spaar. Hulle weet hulle het versekering nodig.

Maar dan gaan doen hulle die belegging self. Of koop versekering direk.

Daar is geen beplanning nie. Hulle weet nie eens wat hulle koop nie. Hulle weet nie wat is genoeg – of te veel – nie. Daar is ’n lewenspolis gekoop omdat dit maklik was sonder ’n mediese ondersoek. Daar word nie gedink nie.

Met ander woorde, die parkeerliggies word aangeskakel. Net dit. Hulle kan steeds nie gesien word nie. Gevolglik is hulle risiko nie minder nie.

Party van hulle weet selfs hulle moet finansiële raad kry. Maar pleks daarvan om werklike kundigheid op te soek, gaan soek hulle op sosiale media en luister na die grootbekke wat eintlik net hul eie lof besing en eie belang dien.

Die waarde van hierdie tipe finansiële raad is min tot niks werd.

Groep 3 – hoofligte aangeskakel

Diegene wat in swak weer ry met hul hoofligte aangeskakel, maak seker hulle word gesien. Dit is iets kleins om te doen, maar dit beperk die risiko om moontlik van voor af getref te word.

Die belangrike punt hier is, hierdie mense dink. Alles is nie altyd net in jou hande nie. Jy moet alles in jou vermoë doen om jou risiko's te beperk. Jy wil betyds gesien word.

Uit 'n finansiële oogpunt?

Finansiële beplanning is soos 'n motorrit wat jy aanpak. 'n Baie lang rit. Jou hele lewe lank. En jy doen dit met behulp van 'n kundige finansiële beplanner.

Ek wonder hoeveel mense weet dat daar meer as 50 stukke wetgewing is wat op jou finansiële beplanning van toepassing is. Dis 'n mynveld as jy nie weet wat jy doen nie.

Jy wil dit wat jy verdien aanwend op die bes moontlike manier sodat jy in die verloop van jou lewe die genot van jou harde werk sal hê. En by jou dood wil jy seker wees dat diegene vir wie jy lief is en verantwoordelikheid aanvaar, sal kan voortbestaan met dit wat jy vir hulle voorsien het toe jy kon.

Net soos gebeure langs die pad met 'n motorrit, is daar onvoorsiene gebeure wat kan opduik op jou lewensrit.

Onoordeelkundige beleggingsbesluite, insluitend toe-oog-produkaankope, kan jou en jou familie duur te staan kom. Oningeligte spaardoelwitte kan tot gevolg hê dat iemand anders as diegene wat jy wou, bevoordeel word. Om van die gevolge van onnodige belasting nie eens te praat nie.

En as jou lewenspad dalk nie so 'n lang rit is as wat jy beoog het nie, moet daar voorsiening wees vir hulle wat agterbly. Is daar?

Jy weet nie wat voor in die pad aankom nie. Maak seker jou hoofligte is aan sodat jy darem gesien kan word. Kry kundige finansiële hulp.

Beperk jou risiko. Dink.

> *Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en is 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.*

Wys Kommentaar (16)